

BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR DEUR DR PHILIP THEUNISSEN

BELASBARE INKOMSTE

Die meeste besighede, waaronder boederye uiteraard ook sorteer, word opgerig met die doel om 'n wins te maak. Wanneer daar 'n wins is, kom inkomstebelasting ook ter sprake. Die meerderheid boere wil nie belasting betaal nie maar wonder dan hoekom hulle boederye finansiëel nie kan oorleef nie. Die boer wat bevoeg is om 'n besigheid te kan bestuur sal baie vroeg in sy loopbaan daarmee vrede moet maak om belasting ook te betaal. Indien daar nooit belasting betaal word nie, is dit 'n kwynende besigheid.

Nie alle inkomste is belasbaar nie. Sommige inkomste is gewoonlik altyd belasbaar terwyl ander net in spesifieke gevalle belasbaar is. Daar is ook toelaatbare aftrekkings wat gemaak kan word en sommige inkomste is belastingvry. Daarom bestaan daar 'n basiese formule waarvolgens die belastingpligtige sy belasbare inkomste vir 'n bepaalde tydperk kan bepaal.

INKOMSTE

Die boer se totale inkomste kan in 'n paar groepe geklassifiseer word. Die vernaamste hiervan is boedery-inkomste. Die Inkomstebelastingwet bepaal dat die volgende items by boedery-inkomste vir die belastingjaar ingesluit moet word:

- Die waarde van lewende hawe en produkte op hande op die laaste dag van die belastingjaar, dus eindvoorraad. Dit is produkte wat reeds bymekaar gemaak is om bemark te word. Gewasse wat nog op die land groei en wol op skape se rug is nie bemarkbaar nie en dus nie deel van eindvoorraad nie. Daarenteen is koring wat in die boer se eie silo's opgegaan is, klaar verpakte vrugte wat in 'n koelkamer gestoor word en markklaar aartappels wat reeds op die vragmotor gelaai is dus deel van eindvoorraad, soos bepaal deur die markwaarde wat dit kan realiseer. Vee word in gevolge 'n spesiale bepaling teen die sogenaamde standaardwaardes waardeer teen byvoorbeeld R50 vir 'n bul van R15000 en R2 vir 'n gespeende lam van R400.
- Alle bedrae wat die boer ontvang het deur die verkoop of verruil van lewende hawe en produkte.
- Die markwaarde, soos op die datum van die skenking, van enige lewende hawe en produkte wat die boer geskenk het of uit Suid-Afrika gestuur het of wat deur 'n maatskappy of beslote korporasie aan hom uitgekeer is sonder dat hy geld daarvoor ontvang het.
- Die markwaarde van lewende hawe op die datum van sekwestrasie van die boer se boedel in die geval van insolvensie of likwidasië in die geval van 'n maatskappy.
- Die waarde van lewende hawe en produkte (eindvoorraad) op datum van 'n boer se afsterwe. Dit sluit weer eens net produkte in wat reeds vir bemarking ingesamel is en nie produkte wat nog op die land staan of wol wat op 'n skaap se rug groei nie.
- Die produksiekoste van lewendehawe en produkte wat deur die boer se gesin of huisbediendes verbruik is.
- Subsidies wat die boer ontvang het.
- Verhalings of terugontvangste van uitgawes of kortings wat die boer in 'n vorige jaar geëis het.

Enige ander boedery-inkomste, soos die omsetbonus van 'n koöperasie, kontrakwerk vir ander boere verrig en deeloes wat van 'n ander boer ontvang word, word by boedery-inkomste gevoeg.

Sekere ander inkomste wat die boer ontvang, buite die normale loop van sy boerdery, vorm ook deel van sy totale ontvangste:

- Huurgelde vir die verhuur van grond.
- Rente ontvang op beleggings.
- Inkomste uit uitbetalende annuïteite ontvang.
- Salaris, kommissie en toelaes ontvang vir deelydse werk verrig.

Inkomste wat van 'n kapitale aard is, is nie deel van belasbare inkomste nie.

ALGEMENE AFTREKKINGSFORMULE

Per definisie word onkoste en verliese ter voortbrenging van inkomste vir 'n gegewe belastingtydperk toegelaat wat werklik in die Republiek van Suid-Afrika uit die beoefening van 'n bedryf aangegaan is indien dit nie van 'n kapitale aard is nie.

Die formule stel dit duidelik dat daar 'n bedryf beoefen moes gewees het. 'n Persoon wat slegs rente of pensioen ontvang het nie 'n bedryf beoefen nie en kan dus geen aftrekkings maak nie. Verder, ingevolge die definisie, moes die uitgawes werklik vir die betrokke belastingtydperk aangegaan gewees het, binne die grense van die Republiek van Suid-Afrika. Dit beteken dat sulke uitgawes ook bydraend tot die bedryf moes gewees het vir die bepaalde tydperk waarin dit van inkomste afgetrek word. Net soos wat kapitale ontvangste nie belasbaar is nie, kan sulke uitgawes ook nie afgetrek word as dit van 'n kapitale aard was nie.

Die volgende bedrae kan van boerdery-inkomste afgetrek word wanneer die belasbare inkomste bereken word:

- Die waarde van lewende hawe en produkte op hande op die eerste dag van die belastingjaar. Dit is dus die bedrag wat in die vorige belastingjaar as eindvoorraad by boerdery-inkomste ingesluit was.
- Die koste van lewende hawe en produkte gedurende die belastingjaar aangekoop of in 'n ruiltransaksie ontvang.
- Die koste aan huur, rente en eiendomsbelasting betaal.
- Die koste van saad, kunsmis en kontantlone, uitgesluit die lone van huisbediendes.
- Die koste van rantsoene vir plaasarbeiders aangekoop.
- Slytasie op enige masjinerie, werktuig, plaasvoertuig of gereedskap wat vir die eerste keer in gebruik geneem word en vir boerderydoeleindes gebruik word teen 'n koers van 50% in die eerste, 30% in die tweede en 20% in die derde jaar wat dit gebruik word. Dit geld nie vir passasiersvoertuie, woonwaens en vliegtuie nie.
- Onkoste soos herstelwerk, brandstof en olie rakende plaasvoertuie, masjinerie en gereedskap.
- Die koste van herstelwerk aan plaasgeboue en uitrusting. Die koste aan huise van persone wat nie u werknemers is nie, kan nie afgetrek word nie.
- Regskoste ter voortbrenging van inkomste soos die koste van skuldinvordering of die koste aan die opstel van 'n oesleweringsooreenkoms. Regskoste vir die verkryging van 'n kapitaalitem, soos oordragkoste van eiendom, kan nie afgetrek word nie.
- Reiskoste, indien aangegaan ter voortbrenging van inkomste, kan afgetrek word.

SPESIALE BEPALINGS VIR BOERE

Daar is sekere bepalinge van die Inkomstebelastingwet wat slegs op boerderye van toepassing is. Hierdie bepalinge beïnvloed uiteindelik die belasbare bedrag of die vasgestelde verlies van 'n boer in sy hoedanigheid as belastingpligtige.

Daar is reeds gemeld dat 'n boer die waardevermindering, ook genoem slytasie, ten opsigte van roerende bates, uitgesonderd privaatvoertuie, oor drie jaar teen 50/30/20% kan aftrek. Dit is 'n spesiale vergunning spesifiek vir boerderye.

Buiten die normale toelaatbare uitgawes wat vir enige bedryf geld, kan 'n boer ook nog die volgende uitgawes rakende ontwikkeling en verbeterings ten volle van sy inkomste aftrek:

- Uitgawes vir die uitroeiing van skadelike plante.
- Uitgawes vir die voorkoming van gronderosie.
- Dipbakke.
- Damme, besproeiingskemas, boorgate en pompe.
- Omheinings.
- Die oprigting of uitbreiding van geboue wat vir boerderydoeleindes gebruik word.
- Die aanplanting van bome, struik of meerjarige plante vir vrugteverbouing en die voorbereiding van grond vir die aanplanting van sulke bome.
- Die bou van paaie en brûe vir boerderydoeleindes.
- Die aanlê van elektriese kraglyne.

Die belasbare inkomste word in 'n bepaalde jaar bepaal waarop die boer dan belasting betaal. In die geval van 'n vasgestelde verlies betaal die boer uiteraard nie belasting nie. So 'n verlies word na die daaropvolgende jaar oorgedra. Indien daar dan 'n belasbare inkomste is, moet die verlies eers daarvan afgetrek word. Die bedrag wat dan oorbly is die belasbare inkomste waarop die boer vir daardie jaar belasting betaal.

BETHLEHEM
Februarie 2006